kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Wat is jou vraag?

Skriflesing: Efesiers 1:15-23

Broodjies vir die pad

"So remember to look up at the stars and not down at your feet. Try to make sense of what you see and wonder about what makes the universe exist. Be curious. And however difficult life may seem, there is always something you can do and succeed at. It matters that you don't just give up. Unleash your imagination. Shape the future."
— Stephen Hawking, Brief Answers to the Big Questions

"When I go up there, which is my intention, the Big Judge will say to me, Where are your wounds? and if I say I haven't any, he will say, Was there nothing to fight for? I couldn't face that question. (Ah, But Your Land Is Beautiful)"
— Alan Paton

"The life I touch for good or ill will touch another life, and in turn another, until who knows where the trembling stops or in what far place my touch will be felt."
— Frederick Buechner, The Hungering Dark

"A place of worship is a place for listening listening to God speak. But it is also a place for answering, responding to what is spoken. God's words initiate a conversation. We come together as a congregation in worship to speak "through prayer and praise" with the God who speaks with us."
— Eugene H. Peterson, The Pastor: A Memoir

Trein na êrens

as haredos en jas se punt
te woes in vier windrigtings lê
is dit beste om stil te staan
dat die wêreld verby kan gaan

so tussen die resies van die wysers
waar die stiltes sommer net verdwyn
verswelg in die gedruis van die wind
wág; vir hasie om sy stert te vind

vind dan een onverwagse dag; en
laat die aarde terugspin om sy eie as
sodat die seisoene nie meer netjies pas
op die leë rakke van 'n jaar se kas

en hoor jy weer Koos Doep se songs
volg sommer self die sprokie se pad
na 'n see van sterre wat flikker in neon
iewers waar 'n trein wag op sy perron

vind vir jou 'n kajuit, doodle 'n viool
en ontspan in die sagte ronding
van 'n glimmerende geel sekelmaan
op 'n trein wat êrens heen gaan

Susanne Pretorius

"You get to consciously decide what has meaning and what doesn't. That is real freedom. That is being educated and understanding how to think. The alternative is unconsciousness, the default setting, the rat race."
— David Foster Wallace, This Is Water: Some Thoughts, Delivered on a Significant Occasion, about Living a Compassionate Life

Natuur, spel voer mee in 'Toorbos'

Leon van Nierop

Toorbos ** Met Elani Dekker en Stiaan Smith. Regisseur: René van Rooyen.**

Ontworteling. Die verwoesting van 'n beskawing. Xenofobie. Vooroordeel. Liefde en ontsag vir die bos. Boonop twee wêrelde wat in een verhouding oorvleuel en bots, alles temas wat René van Rooyen aan die hand van Dalene Matthee se roman Toorbos ontgin.

Dit moet op die wye doek gesien word waar jy die bos ruik, voel, ervaar en oorweldig word daardeur.

Soos met District 6 en Sophiatown, maar ook in John Steinbeck se roman oor ontworteling tydens die Depressie, The Grapes of Wrath (1939), word eenvoudige, onskuldige en arm mense ontwortel en verban. Maar in Toorbos geskied die ontworteling ook fisiek.

Soos die mense se siele pynlik uit die grond getrek word, word die bos afgekap en vernietig. Dit is simbolies van menslike ontnugtering en pyn met spore van The Mission (1986).

Die bos het Karoliena Kapp oorgeneem. Sy is die bos. Sy vind veral vertroosting by die reuse-kalanderboom in tye van krisis, verteenwoordigend van die mense wat vir dekades hier gewoon het en diep wortel geskiet het. Die sterk geankerde boom is haar bos-moeder, haar oergrootjie-fondament.

Die verhouding tussen vrou en boom word met insig deur die talentvolle Van Rooyen uitgebeeld wie se kamera nie alleen die grootsheid van die boom en bos vasvang nie, maar Karoliena se amper besete liefde daarvoor.

Boonop sorg Van Rooyen dat die magiese betowering en mistieke atmosfeer in die bos onderstreep word deur eenvoudige musiek en bosklanke, maar ook in 'n stilte wat jy kan hoor.

Hierdie regisseur word ondersteun deur die uitmuntende kunsregisseur en stelbouer Waldemar Coetsee, wat 'n bosgemeenskap en dorp geskep en gebou het wat die storie verder diepte gee.

Niks word ooit kunsmatig verfraai of belig nie. Gedempte lig word vir atmosfeer aangewend. Die blaretapyt, nat grond en die feit dat die bome mekaar beskerm en woordeloos kommunikeer, word in getemperde kleure gewys.

Dit vind weerklank in die karakters wat wel in woorde (dikwels in dialekvorm) met mekaar praat, maar ook in sydelingse kyke kombineer en oë wat pyn en ontnugtering wys. Dit weerspieël die regisseur se begrip vir die subteks en respek vir die soort taal wat die mense destyds moes gepraat het.

Van Rooyen ontgin die betowering in die bos met kundige kinematografie. Ook die manier waarop mense met mekaar omgaan word sonder uitroeptekens gewys. Dus is die gesprekke tussen die bosbewoners met streeksdialek so belangrik. Ook hul dikwels woordelose begrip vir mekaar se pyn. Hul kultuur lê in hul taal. Dit geld veral karakters soos Karoliena se ma en oom Bothatjie se wysheid. En natuurlik Dekker se sielsopenbarende, sensitiewe gesigspel.

Dan daag Johannes Stander op. Eers was hy ’n bosmens, nou ’n verhewe gentleman. In hierdie botsings is die hart van die rolprent geleë. Johannes woon by ’n Britse lady, maar raak verlief op ’n bosmeisie. Waarheen nou?

Karoliena som haar situasie raak op deur vir Johannes te sê, nadat hul verhouding op die spits gedryf word: “Jy het met iemand getrou wat jy en die Engelse vrou aanmekaargeslaan het.” Karoliena trek tou tussen twee wêrelde wat nooit wil ontmoet nie. Die vraag is: watter een sal sy kies? Is haar liefde vir Johannes sterker as vir die bos?

Daar is ’n onmiskenbare vonk (chemistry) tussen Smith en Dekker. Hulle wil mekaar bemin, maar so baie invloede van buite vorm struikelblokke. Albei akteurs lewer uitstaande spel wat die rolprent verder verryk. Dis veral Smith se terloopse botheid wat bots met sy wilde begeerte na Karoliena wat in sy spel raakgevat word.

Sy verwarring, asook die tweespalt in sy siel en gewete, word in sy aangrypende uitbeelding van Johannes weerspieël.

Dit word duidelik dat as die bos in jou bloed is, niks die plek daarvan kan inneem nie.

Kykers moet weet dat die verhaal tydsaam beweeg. Dit is ’n fynproewersrolprent, vir mense wat Dalene Matthee se romans verstaan, bewonder en respekteer. Dis nie oppervlakkige vermaak nie.

Skud Karoliena uiteindelik die bos af? Die rolprent is soos om wakker te wees in ’n droom. En dit is wat Van Rooyen kundig in haar onderspeelde regie vasvang. Daardie oop-oë droom vol verpletterende waarheid.

Dis onsentimenteel, boeiend en met voetspore wat diep op nat bospaadjies getrap word.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/leon-van-nierop-natuur-spel-voer-mee-in-toorbos-20201115

“For Longing

Blessed be the longing that brought you here
And quickens your soul with wonder.

May you have the courage to listen to the voice of desire
That disturbs you when you have settled for something safe.

May you have the wisdom to enter generously into your own unease
To discover the new direction your longing wants you to take.

May the forms of your belonging in love, creativity, and friendship
Be equal to the grandeur and the call of your soul.

May the one you long for long for you.

May your dreams gradually reveal the destination of your desire.

May a secret Providence guide your thought and nurture your feeling.

May your mind inhabit life with the sureness with which your body inhabits the world.

May your heart never be haunted by ghost-structures of old damage.

May you come to accept your longing as divine urgency.

May you know the urgency with which God longs for you.”

— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings

---

“People are usually afraid of change because they fear the unknown. But the single greatest constant of history is that everything changes.”

— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A History of Tomorrow

“The mystery of human existence lies not in just staying alive, but in finding something to live for.”

— Fyodor Dostoyevsky, The Brothers Karamazov

“To love someone means to see them as God intended them.”

— Fyodor Dostoyevsky

Brood vir die pad

Om goeie vrae te vra is kuns wat geslyp moet word

RRV

In die vroeë jare van die Woordfees op Stellenbosch het ek ’n geleentheid bygewoon waar ’n aantal skrywers gepraat het oor boeke wat ’n groot invloed op hulle uitgeoefen het. Een skrywer, ’n digter-filosoof, het onder die boeke wat sy lewe verander het na die handleiding by die skottelgoedwasser verwys. Die gehoor het lekker gelag vir sy tong-in-die-kies opmerking. Hy het ook ’n ander teks voorgehou: die 16de-eeuse Protestantse geloofsbelydenis *Die Heidelbergse Kategismus*. Weer eens het die gehoor gelag. Want vir baie het dié dokument herinneringe opgeroep van ’n streng Calvinisme wat vereis het dat dele daaruit vir Sondag-skool gememoriseer word. Maar die skrywer was ernstig. Sy punt was dat wat hom aangespreek het nie soseer die kategismus se antwoorde was nie, maar die vrae. Vrae oor wesentlike sake, soos die eerste vraag: “Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?”

As ek ’n handvol boeke moet noem wat ’n sterk indruk op my gelaat het, sal die Oostenrykse digter Rainer Maria Rilke se Briewe aan ’n jong digter waarskynlik onder hulle tel. Dit bevat tien briewe as deel van korrespondensie tussen Rilke en die jong digter Franz Xaver Kappus. In een van dié briewe – gedateer 16 Julie 1903 – skryf Rilke vir sy jong gespreksgenoot: “Wees geduldig met alles wat onopgelos in jou hart is en probeer om die vrae self te koester . . . Moenie soek na die antwoorde wat nie vir jou gegee kan word nie omdat jy hulle nie kan uitleef nie. Leef die vrae nou. Miskien sal jy dan geleidelik, sonder om dit agter te kom, eendag in die antwoord leef.”

In sy Live the Questions: How Searching Shapes Our Convictions and Commitments (2019) gebruik Jeffrey Keuss hierdie aanhaling van Rilke as motto. En hy bespreek uitvoerig hoe die Bybel ’n boek vol vrae oor wesentlike sake is. Vrae van God, maar ook vrae van mense.

Deurgaans in sy bespreking maak Keuss dieselfde punt as die digter-filosoof by die Woordfees-byeenkoms, naamlik dat die lewenskuns alles te make het met die krag van goeie vrae. Keuss meen selfs dat die vra van die regte vrae as ’n geestelike dissipline gesien kan word. Want dit stel ons oop vir nuwe insigte en nuwe verhoudinge, en rig ons “na waar die lig van liefde wag”. ’n Ander motto vir Keuss se boek, hierdie keer uit Thomas Merton se Conjectures of a Guilty Bystander, versterk hierdie gedagte verder: “We too often forget that Christian faith is a matter of questioning and struggle before it becomes one of certitude and peace.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/stille-uurom-goeie-vrae-te-vra-is-kuns-wat-geslyp-moet-word-20201114

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877